

Pretoria – 27 Februarie 2011 (Nagmaal)

Skriflesing: Openbaring 2:12-17

Teks: **Openbaring 2:17b**

Sing- Ps. 104:1,2,8,9; Ps. 119:1; Ps. 43:3; Ps. 23:3; Ps. 116.... Ps. 105:22

Om vandag die Nagmaal van die Here te mag vier, is om deur God geseën te wees, broeder en suster. Vanaf die begin van Openbaring dan is dit baie duidelik dat die een wat na die Woord van God luister, reeds geseënd is. God seën hulle. God se genade en God se vrede word geskenk aan hulle wat luister. Die Woord van God sal Een wat luister ook toerus om werklik te kan volhard. So baie wat ons hier in Christus ontvang.

Dit staan by herhaling dat *wie 'n oor het om te hoor laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê* Die Gees wil niks anders aan ons sê as wat Christus sê nie. Die woorde van Christus, Hy wat die vleesgeworde Woord is, Hy het ook aan ons die heerlikste beloftes gegee. Aan sy kerk is daar beloftes en nogmaals beloftes geskenk. Vandag by die Nagmaal wil ons by een so 'n belofte stilstaan en by die nabetrugting dadelik by die volgende belofte. Die twee beloftes staan in alle geval bymekaar. Die belofte wat die Here aan die gemeentes gee is dat daar aan ons verborge manna belowe word. By nabetrugting sal ons die ander belofte uit dieselfde vers ook na wil kyk- die wit keursteen, die edelsteen wat daar ook aan ons gegee sal word.

Nou dan om te mag eet van die verborge manna. Dadelik vat dit ons gedagtes vêr terug, want dit is waar God ons gedagtes na wil terugneem toe die Here sy volk daar in die woestyn met die moeilikste omstandighede denkbaar met die wonder van manna versorg het. Die brood uit die hemel is waarna ons altyd na moet terugkom. Hoe gereeld het Jesus die mense om Hom wou herinner aan die tyd wat die Here sy volk sou versorg toe daardie omstandighede so was dat geen mens eintlik in staat was om homself/haarself te versorg nie.

Elke keer as ons maar net naastenby die impak van die woestyntog oordink en ons dink aan die manna wat daar op God se kinders neergekom het, dan begin mens aan meer dinge te dink. Hulle moes naby 1 miljoen mense gewees het, nou mag dit ons verder vat. Die basiese behoeftes van mens-wees, daar moet water wees, daar moet kos wees, klere, beskutting teen die woestyn wat nie gematigde klimaat ken nie. Uiterste warmte in die dag, uiterste koue in die nag. Om hierdie hoeveelhede mense op 'n dag-tot-dag-basis net van kos te voorsien, dit is 'n logistiek daar in die barre woestyn wat ek nie dink iemand van ons al voor ons sou kon sien afspeel nie. Dadelik wil mens erken, dit klink na 'n menslike onmoontlikheid. Watter

Pretoria – 27 Februarie 2011 (Nagmaal)

onderneming sou daar van jou en my kant kon wees om vir solank vir so baie mense op 'n volhoubare basis die belofte te maak dat dit sal met julle goed gaan.... al wat julle moet doen, is om net te bly glo.

Om God op sy Woord te neem, om God se Woord te bewaar of soos dit in Op.1:3 meer letterlik staan... om die woord werklik ter harte te neem (τηρέω tereo {tay-reh'-o} **Meaning:** 1) to attend to carefully, take care of ... hierdie woord (terein) vra vanoggend vir ons ek moet oor hierdie dinge nadink, iets van om hieroor te peins, te mediteer... en dadelik sonder om nog mooi daarvoor te dink roep ons dit uit dat wat met Israel in die woestyn gebeur het, daardie versorging was 'n goddelike wonder. Al manier waarop dit geslaag kon wees is as daar 'n wonderwerk van God sou plaasvind. Alleen die wonder van God se genade is wat my eerste en my laaste gedagte kan wees.

En nou moet ons besef daarvoor gaan dit in God se beloftes. As die Here vandag vir jou sê dat *Ek gee aan jou om te eet van die verborge manna...* moet nie klein dink van wat die Here werklik aan jou wil gee nie. Dit is niks kleiner as wat die Here aan sy kinders in die woestyn gegee het nie. Hierdie gemeente Pergamus, maar ons as gemeente in Pretoria ontvang dieselfde belofte. In Deut. 29:5 dan tref dit 'n mens hierdie 40 jaar wat honderde-duisende Israëliete dag vir dag gevoed moes word, geklee moes word, dan kyk jy na jousef. As ek 40 jaar of ouer is, maak nie saak nie, hoevele pare skoene het ek al opgedra, hoevele stelle klere het oor my liggaam al verslyt geraak en ek was nie eers dag vir dag in die woestyn naastenby aan hierdie harde omstandighede blootgestel nie. Sal u die pare skoene en die stelle klere kan tel, nee wat broeder en suster, maar vir Israel het die Here gesê – *En Ek het julle veertig jaar lank in die woestyn laat trek; julle klere het aan julle nie verslyt nie, ewemin jou skoene aan jou voet...*

Die beloftes van die Here het oor Israel waar geword. Niemand van daardie honderde duisende wat dag vir dag daar was, sou kon sê dat die Here nie gedoen het wat Hy gesê het nie. Sy belofte was waar so seker soos die son se strale elke dag oor hulle waar was. As God vandag vir jou sê – by hierdie Nagmaal en die ete van hierdie Nagmaal- aan jou wat oorwin word daar wonderlike beloftes gegee. Openbaring ryg deur die loop van die sewe gemeentes eintlik ook die beloftes in. Openbaring kan ons by die 7 gemeentes noem 'n inryging van God se beloftes. Die ete van die boom van die lewe (2:7), nou die ete van die verborge

Pretoria – 27 Februarie 2011 (Nagmaal)

manna, net-nou sal ons die spierwit klippie na kyk, maar verder word daar belowe mag en gesag oor die nasies (2:26), wit klere en saligheid (3:5), om 'n pilaar vir God te wees, daardie ewige redding word belowe (3:12), om saam met Christus te regeer (3:21). Soos ons die beloftes vir onself kan inryg, dan kom ons agter daar is niks wat Christus gedoen het en wat Hy nog sal doen en ons word daar uitgesluit nie. Alles in en rondom Christus is van so 'n aard dat Hy ons daarvan deel wil maak. Sy ware kerk deel ten volle in Hom, soos wat my liggaam ten volle by die kop ingedeel is. Geen wonder Hy noem sy kerk sy liggaam daar waar Hy ons enigste Hoof is, die Koning van hierdie kerk. Alles wat Hy ook nog sal doen, is ons nie by uitgesluit nie.

Die Nagmaal vandag, Christus is hier... Hy deel ons klaar weer in. Hy nooi ons na sy tafel, Hy wil dat ons na Hom sal luister. Daarom dien die Nagmaal nie net as teken waarin Christus ons in die geloof wil versterk nie, maar Hy verander jou lewe. As Christus werklik hier is, dan doen dit iets aan ons. Dit wat my lewe voor die eet van die verborge manna sou wees en dit wat my lewe na die verborge manna sal word kan nie maar 'n voortsetting van dieselfde lewe wees nie. In Christus word jy nuut, jy word verander in wat jy nou is en wat jy in die toekoms sal wees (ja in die ewigheid) sal dit anders wees.

Ons bind dit dan maar nog steeds vas aan watter betekenis die eet van die verborge manna vandag vir my kan hê. Moses wat in die woestyn hierdie manna kon eet, saam met daardie ander honderde-duisende mense maar ons gedagtes rondom die verborge manna gaan nou verder. Daar was ook Elia. En nou besef ons dit word nie maar net gewoon manna genoem nie, die Here sit iets wonderbaarliks, iets geheimsinnig hierin, dit word dan genoem *verborge manna*. Die verborgenheid is besonder en is groot.

Moses en Elia, dit is vir God reg om hulle baie keer in dieselfde asem te noem, want Moses is die Wetgewer, Elia die Wethandhawer en ons weet met ons Here se verheerliking op die berg toe was hierdie twee eters van die verborge manna ook bymekaar. Nou mag u dalk wonder maar waar het Elia verborge manna kon eet?! Elia het net soos Moses brood uit die hemel ontvang. Toe hy daardie verskriklike tyd in sy lewe moes deurgaan en hy vir Agab en Isebel in die woestyn moes vlug. Hy het inmekaargesak, bekrompe, daar onder die besembos ingekruip, moedeloos, soos wat van ons vandag ook mag voel, uitsigloos was sy lewe, hy wil eintlik nie langer lewe nie, hy vra dan ook die Here om sy lewe weg te neem en tog kom daar

Pretoria – 27 Februarie 2011 (Nagmaal)

uit die hemel na hom die verborge manna. Daar onder die bos bring 'n engel van die Here vir hom brood, tweemaal, het die engel dit by sy kop kom neersit. Hy ontvang 'n dubbele deel, dubbele verborge manna. Daardie brood was vir hom daar net neergesit, soos vandag se Nagmaal vir ons net hier neergesit is, ons wat dubbel ontvang, brood en wyn. Nou weet ons uit die krag van die verborgenheid, ek glo ek mag sê uit die krag van die verborge manna het Elia toe hy uit daardie besembos kon uitkruip, 40 dae en 40 nagte dieper die woestyn ingeloop, ja dieper die woestyn in, nie weg van die woestyn af nie, hy was met sy eie uittog besig soos Moses sy uittog gehad het.

Maar Elia en die verborge manna was nie daar onder die besembos onverwags nie, alhoewel dit altyd onverdiend is. Soos Elia daardie 40 dae en 40 nagte met verborge manna-krag kon loop, sou hy kon dink aan die ander kere wat die Here in hierdie verborgenheid met my besig was. Ook is dit verborge manna- gedagtes toe hy by die spruit Krit deur die kraai versorg was, van die mees vraatsige voëls wat daar is, kom laai vir hom tweemaal op 'n dag kos af. Dit is ook mos maar eintlik brood uit die hemel... verborge manna. En kort daarna toe die spruit droog was en dieselfde droogte hom die land laat uittrek toe is hy daar by die uitlandse weduwee met 'n wonder gevoed. Die verborge manna agtervolg hom as't ware... die bietjie meel wat daar was, daarmee kon sy aanmekaar elke dag nog weer 'n brood bak, die meel uit die pot en die olie in die kruik het nie opgeraak nie. Weer is dit brood uit die hemel.

Die verborge manna, brood uit die hemel, die Here wou nie hê dat sy volk dit moet vergeet nie, net soos ons vandag besef in wat ons voor ons sien is ons eintlik met die brood uit die hemel besig. Vir die ou Israel was dit 'n opdrag al rondom die reis in die woestyn gegee dat kort voordat die brood uit die hemel die laaste keer sou val, dat hulle van daardie manna moes optel en dit in 'n kruik oorplaas en daardie kruik met die manna daarin moes in die ark geplaas word. As vaste bewys en voortdurende getuienis sou dit kon heenwys na hoe God vir sy volk in die woestyn gesorg het.

Selfs al sou die kruik met manna nie meer in die ark gesien kon word nie, dan was daar die bepaling dat elke week op die Sabbat moes daar twaalf vars toonbrode op die tafel in die tempel neergesit word. Daar in die heilige deel moes hierdie brood week na week vervang word (vgl. Ex:25:31; Lev.24:5-8). Dit was ook teken van die brood wat daar van God uit die hemel kom. Ons weet hoe Dawid 'n keer in sy vlug voor Saul met hierdie brood gevoed was.

Pretoria – 27 Februarie 2011 (Nagmaal)

Die priester van Nob het by die geleentheid vir Dawid en sy manskappe van hierdie brood gegee en dit het Dawid hulle geëet. Hulle was wonderbaarlik gevoed alhoewel die tragedie daarna was dat Saul hierdie priesters laat doodmaak het. Saul wat toe reeds deur die dinge van hemelse waarde verward was, soos dit met mens kan gebeur as jy andere van heiligs kennis beskuldig maar jyself lewe nie 'n lewe van heiligmaking nie!

En wanneer ons hierdie dinge hoor, broeder en suster en ons wil nou werklik hier by die Nagmaal kom aansit, hoe sal ons dit anders kan doen, as om werklik die brood uit die hemel in Johannes 6 na ons te sien kom. 'n Seuntjie wat net 5 broodjies gehad het, Jesus het dit toonbrode gemaak. Hoekom, want met daardie 5 broodjies is daar weereens duisende mense gevoed, onmiskenbaar 'n voorbeeld van brood uit die hemel en daarna as hulle die brode wat oorgesket het, moet optel dan is dit asof die twaalf toonbrode wat daar elke week op die tafel in die tempel neergesit moes word, of daardie twaalf toonbrode weer daar voor die duisende mense gesit kan word. Daar is twaalf mandjies vol opgetel wat die twaalf toonbrode weer in lyn sou bring.

Maar dit is nie waar dit mag eindig nie. Juis in hierdie wonderbare versorging, net so groot soos die versorging met die manna in die woestyn, dan kom die Here Jesus en wat sê Hy aan ons- Joh.6- *Julle vaders het die manna in die woestyn geëet en het gesterwe... Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid (vv49,51)* Hyself is die brood, die Een wat lewende brood is, op jou pad waar jy môre en oormôre op pad mag wees, ons elkeen is maar ook in die woestyn van hierdie lewe soos 'n reisiger op pad, as jy hierdie brood eet sal jy waarlik jou bestemming bereik. Dit moet jy glo, die verborge manna is vir ons voorgesit. Eet en jy sal lewe, want met eie krag sal ons dit nooit maak nie.

Die brood uit die hemel het nie by die vermeerdering van brood gestop nie. Dit het alles gestop by Hom wat die brood is. Daardie nag net voor sy kruis toe was sy toon- liggaam en sy toon-lewe, 'n liggaam en lewe, volkome heilig sonder sonde, toe moes daardie volmaakte lewe en liggaam vir ons doodgemaak word, maar het Hy die nag voor die kruis die brood uit die hemel in die hande van sy dissipels maar ook in ons hande gelê- *Neem eet, dit is my liggaam wat vir julle gebreek word* (1 Kor. 11:24). Daar het u dit ontvang- u mag dit hoor- u

Pretoria – 27 Februarie 2011 (Nagmaal)

mag dit ontvang as u by die tafel kom aansit- *Aan hom wat oorwin, sal EK gee om te eet van die verborge manna.*

AMEN